



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

**EKONOMIE V1
NOVEMBER 2017**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.
- 1.1.1 In 'n ekonomie waar inspuitings lekkasies oorskry, sal die ...
- A produksie van goedere en dienste daal.
 - B nasionale inkome styg.
 - C nasionale inkome daal.
 - D bruto waarde toegevoeg tydens produksie, daal.
- 1.1.2 Langtermynfondse word geleen of gespaar op die ...-mark.
- A kapitaal
 - B geld
 - C buitelandse valuta
 - D goedere
- 1.1.3 Goedere en dienste wat die gemeenskap bevoordeel, word ... goedere genoem.
- A nie-meriete-
 - B skadelike
 - C gemeenskaps-
 - D meriete-
- 1.1.4 Ekonomiese integrasie waar lidlande op 'n gemeenskaplike ekonomiese beleid ooreenkom, word 'n ... genoem.
- A vryhandelgebied
 - B doeane-unie
 - C ekonomiese unie
 - D gemeenskapsmark
- 1.1.5 Watter regeringsbeleid poog om teen 2030 armoede uit te skakel en ongelykheid te verminder?
- A Nuwe Groeipad
 - B Nasionale Ontwikkelingsplan
 - C Uitgebreide Openbare Werke-program
 - D Heropbou- en Ontwikkelingsprogram
- 1.1.6 Kontanttoelaes wat aan die armes betaal word, vorm deel van die ... beleid.
- A monetêre
 - B groei-
 - C fiskale
 - D ekonomiese

1.1.7 Die getal jare wat 'n pasgebore baba verwag word om te leef, staan as ... bekend.

- A die sterftesyfer
- B wanvoeding
- C vetsug
- D lewensverwagting

1.1.8 Die Noord-Suid-verdeling staan ook as die ... gaping bekend.

- A ontwikkelings-
- B inflasie-
- C monetêre
- D aanbod-

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by die item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Eksogene verduideliking	A	vloeibare bates deur die IMF beskikbaar gestel om tekorte op die betalingsbalans (BB) te finansier
1.2.2	Leidende aanwysers	B	verskaf finansiële ontwikkelingsbystand meestal aan ontwikkelende lande
1.2.3	Spesiale trekkingsregte	C	deur die Reserwebank gehef op ander finansiële instellings vir uitleenbare fondse
1.2.4	Vryswewend	D	markte is inherent stabiel en het nie owerheidsinmenging nodig nie
1.2.5	Openbare goedere	E	wys die rigting waarin die ekonomie moontlik gaan beweeg
1.2.6	Nasionalisering	F	glo markte is inherent onstabiel en owerheidsinmenging is nodig
1.2.7	Wêreldbank	G	die staat neem eienaarskap van ondernemings en bates in private besit
1.2.8	Repokoers	H	wisselkoersstelsel waar die waarde van die geldeenheid slegs deur markkragte bepaal word
		I	deur die staat verskaf vir gebruik deur alle lede van die samelewing, byvoorbeeld openbare biblioteke

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Akronieme en afkortings sal NIE aanvaar word NIE.
- 1.3.1 Waarde van alle finale goedere en dienste wat in 'n sekere tydperk binne die grense van 'n land geproduseer word
- 1.3.2 'n Kromme wat die verwantskap tussen belastingkoerse en belastinginkomste toon
- 1.3.3 'n Handelsbeleid wat die vervanging van ingevoerde goedere met plaaslik geproduseerde goedere bevorder
- 1.3.4 'n Ruimtelike gebied vir streeksontwikkeling wat 'n deurgang vorm
- 1.3.5 Verwydering van onnodige wette en regulasies om die werking van die ekonomie te verbeter
- 1.3.6 Teruggee van grond aan diegene wat dit weens diskriminerende wette in die verlede verloor het (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

40 PUNTE – 30 MINUTE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Gee enige TWEE voorbeelde van indirekte belasting. (2 x 1) (2)

2.1.2 Watter uitwerking sal 'n daling in die kontantreserwevereiste van handelsbanke op die totale geldvoorraad hê? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

SUID-AFRIKA REEDS IN 'N RESESSIE – EKONOME

Baie ekonome meen dat Suid-Afrika reeds in 'n resessie is omdat die Suid-Afrikaanse ekonomiese groeikoers laer as die bevolkingsgroeikoers is.

Die ekonomiese afswaai kom na vore ná 'n skerp daling in die wêreldwye vraag na Suid-Afrikaanse kommoditeite in die mynbou- en steengroefbedryf.

Suid-Afrika sukkel met stygende werkloosheid en lae vaardigheidsvlakke.

GROEI IN DIE BBP

Kwartaal	Groeikoers %
14/1	-1,6
14/2	0,8
14/3	2,2
14/4	4,1
15/1	2,0
15/2	-2,0
15/3	0,3
15/4	0,4
16/1	-1,2

Kwartaal 2014–2016

[Bron: Stats SA se hersiene BBP-data 2016]

[Aangepas uit City Press, Junie 2016]

2.2.1 In die inligting hierbo, identifiseer die rede waarom die ekonomie reeds in 'n resessie verkeer. (1)

2.2.2 Wat was die BBP-groeikoers in die eerste kwartaal van 2016? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks *opemarktransaksies* as 'n monetêre beleidsinstrument. (2 x 2) (4)

2.2.4 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering fiskale beleid gebruik om die ekonomie te stimuleer? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die tabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

HUIDIGE SAMESTELLING VAN DIE SUID-AFRIKAANSE BETALINGSBALANS (BB) – 2016	
1. Lopende Rekening	(R miljoen)
Goedere-uitvoere	276 349
+ Netto gouduitvoere	13 777
+ Dienste-ontvangste	49 728
+ Inkome-ontvangste	21 176
Min goedere-invoere	270 258
Min betaling vir dienste	54 905
Min inkome-betalings	48 420
Lopende oordragte (netto ontvangste)	-6 555
Saldo op die Lopende Rekening	-19 108
Memo-item: Handelsbalans	(A)
2. Kapitaaloordragrekening	57
Netto leen aan (+) of leen by (-) die res van die wêreld	-19 051
3. Finansiële Rekening	
Netto direkte beleggings	2 184
Netto portefeuljebeleggings	30 601
Netto finansiële afgeleides	-9 022
Netto ander beleggings	-19 830
Reserwebates	1 191
Saldo op die Finansiële Rekening	5 124
Memo-item: Saldo op finansiële rekening, reserwebates uitgesluit	3 933
Onaangetekende transaksies	13 927

[Bron: SARB – Kwartaalblad, September 2016]

- 2.3.1 Watter subrekening in die betalingsbalans hierbo sluit reserwebates in? (1)
- 2.3.2 Watter instelling is verantwoordelik vir die publisering van die betalingsbalans? (1)
- 2.3.3 Hoe kan Suid-Afrika 'n netto invloei van kapitaal verseker? (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Gebruik syfers in die tabel hierbo om die handelsbalans (A) te bereken. Toon ALLE berekeninge. (2 x 2) (4)
- 2.4 Onderskei tussen *geldvloei* en *reële vloei* in die ekonomiesekringloop-model. (2 x 4) (8)
- 2.5 Verduidelik, met behulp van 'n netjies benoemde grafiek, die uitwerking op die waarde van die rand as daar 'n skerp toename in die aantal Suid-Afrikaanse toeriste is wat die VSA besoek. (8)

[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE terreine wat deur die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram geraak word. (2 x 1) (2)

3.1.2 Watter uitwerking het 'n lae ekonomiese groeikoers op armoede? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ONDERWYSUITDAGINGS IN SUID-AFRIKA	
Kwaliteit onderwys lei tot langtermyn groei, ontwikkeling en voorspoed. Met die fokus op vaardighede en kennis, word die rol van onderwys van uiterste belang in die ontwikkeling van mensekapitaal. Verstedeliking het dit vir die samelewing noodsaaklik gemaak om meer geletterd en vaardig te wees, sodat daar meer kans is om op 'n ekonomiese en sosiale vlak te ontwikkel.	
PRESTASIE-AANWYSER	%
Bevolking met ten minste 'n mate van sekondêre onderwys/onderrig (% 25 jaar en ouer)	74,3
Publieke besteding aan onderwys (% van die BBP)	6,2
Bruto inskrywings by sekondêre instellings (%)	96,8
Bruto inskrywings by tersiêre instellings (%)	19,7
Persentasie uitval van sekondêre na tersiêre instellings (%)	82,2
<small>[Aangepas uit UN Statistics on South Africa, 2016]</small>	

3.2.1 Identifiseer die sosiale aanwyser in die inligting hierbo. (1)

3.2.2 Watter persentasie van die BBP word aan onderwys spandeer? (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks *verstedeliking* as 'n sosiale aanwyser. (2 x 2) (4)

3.2.4 Wat het tot die hoë uitvalkoers (82,2%) van sekondêre na tersiêre instellings gelei? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**CHINA-OOREENKOMS SAL MEER AS
2 500 WERKSGELEENTHEDE IN SUID-AFRIKA SKEP**



Suid-Afrika se motorbedryf het 'n groot hupstoot gekry met die aankondiging van die grootste investering in 40 jaar.

'n Motoraanleg deur 'n Chinese staatsbeheerde motorvervaardiger gaan meer as 2 500 werksgeleenthede in Suid-Afrika skeep. Dit kan beskou word as een van die hoogtepunte in 'n ekonomie wat sedert 'n ekonomiese insinking in 2009 teen 'n slakkepas groei.

Die aanleg sal in vennootskap met Suid-Afrika se staatsbeheerde Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) gebou word en het die kapasiteit om teen die jaar 2027, 100 000 eenhede per jaar te vervaardig.

Ongeveer 60% van die uitset by hierdie Suid-Afrikaanse aanleg sal vir uitvoer na Afrika wees. Voertuie kan ook in die toekoms na Europa as 'n begunstigde uitgevoer word.

[Bron: *Fin24 Top Stories*, 30 Augustus 2016]

- 3.3.1 Identifiseer 'n land in die buiteland wat 'n BRICS-lid is, in die inligting hierbo. (1)
- 3.3.2 Hoeveel potensiële werksgeleenthede sal China se investeringsbelofte vir Suid-Afrika skeep? (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die rol van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2 x 2) (4)
- 3.3.4 Verduidelik die positiewe uitwerking, buiten werkskepping, wat hierdie investering moontlik op die Suid-Afrikaanse ekonomie sal hê. (2 x 2) (4)
- 3.4 Verduidelik enige TWEE uitdagings van globalisering vir ontwikkelende lande (Noord-Suid-verdeling). (2 x 4) (8)
- 3.5 Hoe kan die implementering van streeksontwikkelingsbeleide die lewenstandaard in Suid-Afrika verbeter? (8)

[40]


VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE groeistrategieë wat in Suid-Afrika gebruik word. (2 x 1) (2)

4.1.2 Wat bepaal die grootte van die vermenigvuldiger? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Die Wêreldhandelsorganisasie (WHO), in 1995 gestig, het ten doel om internasionale handel in goedere, dienste en landbou deur multilaterale onderhandelinge uit te brei. Die meeste van die armste lande word egter oor die hoof gesien vir 'n meer ambisieuse korporatiewe agenda wat kwessies soos groter beleggersregte, strengere beperkings op owerheidsregulering en sterker intellektuele-eiendom-voorwaardes insluit. Hierdie aksies is in werklikheid die teenoorgestelde van vryhandel, omdat dit sterker monopolieë aanmoedig.

[Aangepas uit www.Corpwatch.org]

4.2.1 Identifiseer die nasies wat deur die miere in die inligting hierbo voorgestel word. (1)


4.2.2 Watter internasionale organisasie hierbo bevorder vryhandel? (1)

4.2.3 Wat is die voordele van invoervervanging vir ontwikkelende lande? (2 x 2) (4)

4.2.4 Hoekom is ontwikkelende lande (ontwikkelende nasies) teen vryhandel gekant? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


HOE OM SUID-AFRIKA SE EKONOMIE 'N HUPSTOOT TE GEE



SA kan moontlik miljoene werkseleenthede skep
TOENEMENDE AANTAL WERKSELEENTHEDEN WAT TEEN 2030
GESKEP KAN WORD INDIEN GROEI IN HIERDIE VYF
SEKTORE BEVORDER WORD

Gevorderde vervaardiging	<div style="background-color: #555; height: 15px; width: 100%;"></div>	1 500 000
Infrastruktuur	<div style="background-color: #555; height: 15px; width: 66%;"></div>	660 000
Natuurlike gas	<div style="background-color: #555; height: 15px; width: 33%;"></div>	330 000
Dienste-uitvoere	<div style="background-color: #555; height: 15px; width: 46%;"></div>	460 000
Landbou-waarde-ketting	<div style="background-color: #555; height: 15px; width: 49%;"></div>	490 000

Totale ekstra werkseleenthede
3,4 miljoen



Suid-Afrika ondervind tans groot werkverliese, lae ekonomiese groeivlakke en 'n gebrek aan vertroue by buitelandse beleggers weens onsekerheid oor die implementering van beleide.

Suid-Afrika het egter sekere voordele en sterk punte wat gekapitaliseer kan word om die ekonomie uit te brei en werk in die vyf sektore te skep om so aan die doelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan te voldoen.

[Aangepas uit *Mail & Guardian*, September 2015]

4.3.1 Identifiseer die belangrikste sektor wat die ekonomie 'n hupstoot (groei) kan gee in die inligting hierbo. (1)

4.3.2 Noem EEN probleem in die inligting hierbo, wat tans in Suid-Afrika ervaar word en ekonomiese groei keer. (1)

4.3.3 Beskryf kortliks die belangrikste doelwitte van die Nasionale Ontwikkelingsplan. (2 x 2) (4)

4.3.4 Hoe kan die regering en privaat sektor kragte saamsnoer om genoeg werkseleenthede te skep? (2 x 2) (4)

4.4 Bespreek kortliks *goeie staatsbestuur* en *mededingendheid* as geskikte streeksontwikkelingsmaatreëls ten opsigte van normkriteria ('benchmark criteria'). (2 x 4) (8)

4.5 Gebruik die BBP-data hieronder om die belangrikheid van bewegende gemiddeldes in die vooruitskating van sakesiklusse te verduidelik.

JAAR	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016
BBP (miljard)	5	8	9	11	4	6	10

(8)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie beginpunt is om die hoofterm, wat met die vraagonderwerp verband hou, te definieer. • Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige deel van die inleiding in die liggaam herhaal nie. • Vermy om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. 	Maks. 2
Liggaam Hoofdeel: Bespreek in detail/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Oonderskei/Differensieer/Verduidelik Addisionele deel: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Trek 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Oonderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe/Maak voorstelle	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> • 'n Kort samevatting van dit wat alreeds bespreek is, sonder om feite wat alreeds genoem is, te herhaal • Enige mening of waardeoordeel van die feite wat bespreek is • Addisionele ondersteuningsinligting wat die bespreking/analise versterk • 'n Opponerende sienswyse met motivering, indien verlang • Aanbevelings 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig enige VYF probleme van openbaresektor-voorsiening in Suid-Afrika. (26 punte)
- Hoe kan die onregverdige verdeling van inkomste in Suid-Afrika opgelos word? (10 punte)

[40]**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES****40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die volgende ekonomiese aanwysers:
 - Produksie (10 punte)
 - Buitelandse handel (8 punte)
 - Geldvoorraad (8 punte) (26 punte)
- Hoe kan produktiwiteit meer doeltreffend gebruik word om die Suid-Afrikaanse ekonomie te bevoordeel? (10 punte)

[40]**TOTAAL AFDELING C: 40****GROOTTOTAAL: 150**